NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  - **Badseloop**: *Vir besprekings, kontak **Franscois Genis**, 071 777 9302, epos badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys (AcaDeo)**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg:** *Besprekings word nou hanteer deur: Anvie Ventures, info@anvieventures.co.za, 044 696 6585*
  - *Facebook byhttps://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

5 April 2019
Nr 11/2019

Innige simpatie

Wimpie Jordt is op Woensdag 27 Maart onverwags oorlede. Dit was vermoedelik 'n hartaanval. Hy is op 2 April (sy een-en-sestigste verjaarsdag) vanuit sy gemeente begrawe. Die gedenkdiens is deur Roelf Opperman en Fritz Snyman, sy twee jarelange vriende, gelei. Daarna is Wimpie by sy seun, Heinrich, wat op tienjarige ouderdom in 'n fratsongeluk oorlede is, begrawe. Wimpie het sy bediening op 18 April 1986 op Vredenburg begin en was die afgelope dertig jaar leraar van Koedoesrand op Swartwater. As geloofsfamilie bid die Noordelike Sinode in hierdie hartseertyd spesiaal vir Wimpie se vrou, Ronell, die dogters Melanie en Lidia, sowel as hulle gesinne en in die besonder vir die gemeente.

Sinodenuus

Hofuitspraak

Op aanbeveling van die Algemene Taakspan Regte (ATR) het die Algemene Sinodale Moderamen (ASM) op 18 Maart besluit om nie teen die hofuitspraak te appelleer nie. Die volgende het as motivering vir die besluit gedien:

1. Die Kerkorde 2015 Art 21 lui: Die kerkvergaderinge behandel sake vanuit kerklike perspektief, in die lig van die Woord van God en op kerklike wyse.
2. Die kerk wou nie in die eerste plek die saak in die hof beredeneer nie. Daarom oordeel ons steeds dat die kerk nie sake in die burgerlike hof moet beredeneer nie.
3. Die ATR is van mening dat geestelike leierskap van ons vra om hierdie saak op 'n konstruktiewe wyse te hanteer te midde van die hofuitspraak. Verhoudinge en die heil van die kerk bly vir ons baie belangrik.

Ringsvisitasie

Die Taakspan Ringsontwikkeling bied eerskomende Woensdag (***10 April***) 'n werkswinkel oor Ringsontwikkeling by Stellastraat in Pretoria aan. Volledige inligting is reeds aan ringsvoorsitters en –skribas gestuur. Kontak gerus vir James Kirkpatrick indien daar enige navrae is (082 852 7947 / james@kirkpatrick.org.za)

❖ Bybellees met 'n verskil



Die **volgende byeenkoms** vind om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas:
➢ ***09 April*** Skriflesing: **Lukas 19:28-44**
Navrae: Fanie Cronje (083 415 1452) en Kobus Myburgh (083 227 7185)

❖ Excelsus: Openbare lesing en paneelbespreking

The Department of *Dogmatics and Christian Ethics* cordially invites you to a public lecture and panel discussion with **Prof Lieven Boeve** on the topic **The interruption of theology in a post-secular and post-christian context**.

- Your presence will be higly valued and an RSVP is necessary for campus access.

Date ***8 April 2019***
Time 14h00 to 15h30
Venue Centenary Hall (Rm 2-10)
Location Theology Building, University of Pretoria
RSVP Lesego.temane@up.ac.za
Dress Cacual

❖ Excelsus kursusse

Neem asseblief kennis van die **VBO-kursusse** wat in die 2de kwartaal aangebied word: [**Kliek hier** **vir die volledige inligting**…]

9-11 April: *'n Werkswinkel oor die bediening in klein-/kleinwordendegemeentes* [30 VBO-punte] - **Inskrywingsvorm**
16-17 April: *Geroep en gestuur. Missionale leierskap* [25 VBO-punte] - **Inskrywingsvorm** - sperdatum *11 April.*
24-25 April: *Daar is lewe vóór én ná aftrede - Kursus gerig op predikante in die afrondingsfase van hulle bediening Module 1: Om sinvol af te tree* [25 VBO-punte]
29-30 April: *Opleiding van Begeleiers van 'n Bedieningsdiagnose in Gemeentes - Werkswinkel 1* [10 VBO-punte] - **Inskrywingsvorm** - sperdatum *24 April.*
6-7 Mei: *Die jaar van God se genade. 'n Reeks liturgiewerkswinkels aan die hand van die kerklike jaar. Werkswinkel 2: Op aarde net soos in die hemel. Koninkrykstyd.* [25 VBO-punte] - **Inskrywingsvorm** - sperdatum *2 Mei.*
21-22 Mei: *"Al die nasies tot die einde van die aarde". Herontdek die Bybel se missionale stem. Module 2: Lig vir die nasies. Die Ou Testament se missionale stem.* [25 VBO-punte]

Navrae: *Sentrum vir bedieningsontwikkeling* UP, by 012-420 6738 of excelsus@up.ac.za./

❖ Huis Piek: So neem ons afskeid!

Botha van Aarde (Uitvoerende hoof van die SKDB Maatskappy) skryf die volgende: "'n Tyd gelede vertel 'n vriend my van die wysheid wat hy as jong prokureursklerk by die baas van die firma geleer het: *As iets die moeite werd is om te doen, is dit die moeite werd om dit GOED te doen!* Dit is ons nuwe voorneme of motto hier binne die SKDBM sisteem waar ons meewerk aan die kerk se missionale diakonaat! In my kort tyd hier, lyk dit in elk geval ook na die motto van die Noordelike Sinode! En toe doen ons dit ook met die afskeid van ***mev Gerda de Kock by Huis Piek***…" [**Lees hier verder**…]

Kolleganuus

❖ Hospitaal

Attie Nel (Waverley) het 'n heupoperasie ondergaan.
Koos Nel (Haakdoorn) se vrou Renate is weer geopereer.
Frikkie Delport (Pietersburg-Noord) was in die hospitaal.

❖ Beroep/Bevestiging

Nicky Hattingh (Sanddrift) het die beroep na *Raslouw* bedank.
Werner Nel (prop) word op ***7 April*** in **DRC of Zambia (Lusaka)** georden en as leraar bevestig.

❖ Verjaarsdagwense: *Hartlik geluk aan die volgende persone wat in die volgende tyd verjaar*:

13/04 *Attie Beetge* [Emeritus, 084 209 4750, attiebeetge@gmail.com]

14/04 *Francois du Toit* [Emeritus, 079 354 2240, fjdutoit@mweb.co.za]
15/04 *George Hugo* [Waterkloofrif, 082 461 1153, gjhugo7@gmail.com]
Fanie Cronjé [Riviera-Jakaranda, 083 415 1452, sicronje@mweb.co.za]
Willie Korb [Môregloed, 084 485 9245, willie.korb007@outlook.com]
Chris Maritz [Emeritus, 072 633 6705, chris.maritz@gmail.com]
16/04 *André Botha* [Naboomspruit, 079 516 7641, dsanbotha@gmail.com]
18/04 *Heinrich Stapelberg* [Florauna, 083 276 1746, stapelberg@ngflorauna.co.za]
20/04 *Gerrie Strydom* [Florandia, 082 940 5453, gerrie.s@mweb.co.za]
Hannes Bezuidenhout [Pietersburg-Noord, 083 382 1275, hannes@ngnoord.co.za]
Coenie Swart [Emeritus, 082 452 2899, ccswart@mweb.co.za]

Gemeentenuus

- **Verjaarsdae**: *Baie geluk!*
  Kameeldrif [Gestig 13/04/1956]
  Piet Potgietersrust [Gestig 14/04/1917]
  Quaggapoort [Gestig 15/04/1944]
  Queenswood [Gestig 17/04/1947]
  Pietersburg-Oos [Gestig 17/04/1967]
  Pretoria-Oos [Gestig 20/04/1920]

- **Pretoria-Tuine**: Neem asseblief kennis van die gemeente se **nuwe e-posadres**: **ng.pretoria.tuine@gmail.com**. Hulle kan ook geskakel word by 012-379 8636.

- **Brits**: **Slangteiken-skietkompetisie**
  Datum: ***6 April*** [07:00-13:00)
  Plek: Rashoop skietbaan
  Koste: Baanfooi – R50 & Kompetisiefooi – R30
  Bring en braai tydens prysuitdeling.
  Meer inligting: skakel 012-252 1160 / 071 517 5536

- **Moregloed**: **Mannekamp**
  Die **Kamp** word van ***12 tot 14 April*** by Keurboomfunksies se kampterrein in Kameeldrift-Oos aangebied.
  Koste: R250 per man en sluit kos en kamptariewe in.
  Gesinskerkdiens: Op Sondag ***14 April*** is daar 'n gesinskerkdiens saam met die vroue en kinders.
  Tema: *Die gesinsman volg Jesus*.
  Kontakpersone: Wimpie van Reenen 083 254 6023 of Linky 081 379 0863 / linkyvanreenen@gmail.com
  Sluitingsdatum vir inskrywings: Vóór *7 April*.

- **Bergtuin: *Paasdiens***
  Gaskunstenaar: Jan de Wet
  Datum: Sondag, ***14 April*** [08:15]
  Adres: Koekoekweg, Bergtuin
  Almal welkom!

- **Universiteitsoord**: **Musiek-uitvoering rondom Lydenstyd – *Kruishoutklanke***
  Datum: ***17 April*** [19:00]
  Met *Gideon Els* as dirigent, *Lanie Coetzer* en *Charlotte Kilian* as soliste, asook die *Cantare Jubiloso Koor*, begelei deur 'n *professionele Simfonie-orkes* en Prof *Wim Viljoen* op die orrel, gekombineer met video-insetsels, is hierdie 'n moet-sien produksie waar die gehoor meegevoer sal word deur pragtige musiek en Noteworthy Events se innige, persoonlike inslag. Kruishoutklanke sal jou nie onaangeraak laat nie!
  Die **toegangsfooi** is slegs 'n sagte kollekte om kostes te delg – geen bespreking benodig.

Ander nuus

❖ Hulpmiddel vir leraars en gemeentes

Jurgens de Jager [Witrivier] gee kennis van die volgende: **God se A-Plan met ons** - 'n 40-dae HANDLEIDING vir kleingroepe! Leraars voel soms dat lidmate verstaan nie wat God se bedoeling met die kerk is nie. Lidmate het dikwels 'n behoefte om meer te leer van die verskillende Bybelboeke.
In "God se A-Plan met ons" kry 'n mens 'n oorsig oor wat God se plan met die kerk is en ook hoe ons die kerk moet sien. Die 6 hoofstukke van Efesiërs word in 40 dae (6 weke) in diepte behandel.
Landwye afskop: **14 April** **[Lees hier meer…]**

❖ Nuusbriewe

Bybel-Media

Aandag: Gemeentes - Kry 'n houvas op die tweede kwartaal van 2019 met die nuwe en nuttige ***Kwartaalplan van Bybel-Media***. Hierdie **GRATIS** dokument sal jou baie tyd spaar, jou toerus om alles beter te koördineer en jou help om jou fokus te behou deur die herfsseisoen. **[Lees hier meer**...]

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:
• Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
• Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
• Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za, klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.

Christelike Lektuur Fonds (CLF)

Bekostigbare boeke vir Lydenstyd is beskikbaar by CLF (order@clf.co.za) of by die aanlynwinkel.
- 'Seven words from the cross' R40,50
- 'Bring my die ou-ou tyding' R70,70

Spesiale aanbieding vir Moedersdag. Hiermee die skakel om die spesiale aanbiedinge / combos aanlyn te sien > http://ow.ly/KahP30ocTzG. Die promosie is geldig tot 10 Mei 2019 en terwyl voorraad hou.

Inligting, navrae en diensverskaffing: 021 864 3707 of besoek hulle webtuiste by www.clf.co.za.

Gebedslys

*Hiermee **'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers** om enige **sake vir voorbidding** aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.*

- Dag van Danksegging en Verootmoediging [Sondag ***7 April***].
- Almal wat op een of ander manier deur die sikloon in Mosambiek en Zimbabwe geraak word.
- Dankie vir die onlangse reën wat in groot dele van ons sinodale gebied geval het.

Proponente en ander vakatures

❖ Hulp en Hoop Gemeenskapskerk, Mokopane - Vakature: Jeugleraar [2 jaar termyn kontrakpos]

Gemeenteprofiel: Hulp en Hoop Gemeenskapskerk is 'n plattelandse gemeente en bestaan uit 986 belydende en 346 dooplidmate. Die gemeente het behoefte aan 'n Jeugleraar met die fokus op gesinsbediening en jeug.
Aansoeke: 'n CV met drie verwysings kan per e-pos aan Anita Hurn (admin@ngpottiessuid.org.za) gestuur word.
Sluitingsdatum vir aansoeke: ***11 April 2019.***
Diensaanvaarding: *1 Julie 2019*.
Navrae: Vir meer inligting kontak ds Jacques Erasmus by 072 6539845 of ds.jacques.erasmus@gmail.com

❖ UP Fakulteit Teologie:

★ Gelegitimeerde proponente 2016

Eddie Brown [082 305 3972, malmaneddie@gmail.com]
Berenice Esterhuyzen [072 794 5928, aesterhuyzen@clinix.co.za]

★ Gelegitimeerde proponente 2017

Jeanri Bezuidenhout [074 893 2836, jeanri.bez@gmail.com]

★ Gelegitimeerde proponent 2018

Freddie de Lange [071 483 8798, freddiedelange@yahoo.com]
Marthiens Heymans [heymarthiens@gmail.com]
Chris Jacobs [076 793 0233, chrisfjacobs@gmail.com]
Nienke Kemm [079 515 4156, Nienke.kemm@gmail.com]

Erick Mulder [076 253 5825, mulder.erick@gmail.com]
Charlotte Sibanyoni [081 522 7714, charlottesibanyoni@gmail.com]
Hendrik Smal [076 143 9559, smalhendrik@gmail.com]
Natalie-Ann van Deventer [076 187 7249, natsvd8@gmail.com]

- **Ander gelegitimeerdes wat beskikbaar is om eredienste te lei**

Gerhard Bothma *[082 412 3479, gerhard@drgerhardbothma.co.za]*
Jan Cloete *[083 232 8708, jancloete26@telkomsa.net]*
Ernst Muller *[082-656-1107, gaius117@gmail.com]*
Bertus Olivier *[082 224 6242, oli4@axxess.co.za]*
Ockie Raubenheimer *[076 155 0929, raubenheimer.ockie@gmail.com - Ook beskikbaar vir aflos gemeentebediening]*
André Smuts *[072 148 6718, sasmuts@gmail.com]*
Lizette Viviers *[082 451 4049, lizetviviers@gmail.com]*

Ten slotte

Elke foto vertel ‘n storie...

BYLAES

Huis Piek:
So neem ons afskeid!
Gerda de Kock

Botha van Aarde (Uitvoerende hoof van die SKDB Maatskappy) skryf die volgende:

SO NEEM ONS AFSKEID!

'n Tyd gelede vertel 'n vriend my van die wysheid wat hy as jong prokureursklerk by die baas van die firma geleer het: *As iets die moeite werd is om te doen, is dit die moeite werd om dit GOED te doen!* Dit is ons nuwe voorneme of motto hier binne die SKDBM sisteem waar ons meewerk aan die kerk se missionale diakonaat! In my kort tyd hier, lyk dit in elk geval ook na die motto van die Noordelike Sinode!

En toe doen ons dit ook met die afskeid van mev Gerda de Kock by Huis Piek.

Gerda was vir 21 jaar die bestuurder van die Tuiste en het saam met **Louis**, haar man, 'n onuitwisbare impak in die bestuur en volhoubaarheid van die Tuiste gemaak. Sy tree nou af. Die Voorsitter van die Beheerraad, ds Koos Serfontein, sê in sy groeteboodskap, Gerda was 'n "sakevrou" met die bestuur van die Tuiste, maar terselfdertyd ook 'n "moeder" vir die inwoners. Sy was nooit te besig om na elkeen se storie te luister nie. Ons motto was ook haar motto: *As iets die moeite werd is om te doen, is dit die moeite werd om dit GOED te doen!*

By die afskeidsgeleentheid het almal mooi aangetrek, lekker geëet en stylvol totsiens gesê. Die fotos is sprekend van ons motto by die afskeidsgeleentheid. Gerda ons gaan vir jou (en Louis) nog baie mis, in Huis Piek, in die SKDBM, en in die Noordelike Sinode. Kyk net hoe dink die inwoners oor Gerda:

In die huis waarin ons woon
Sit 'n koningin op die troon.
Geduldig luister sy na ons,
Al sou haar ore soms gons.
Net daar op die daad
Bied sy haar wyse raad.
Soete troos en simpatie
Bly ook nie agter weë nie.
Nou is ons harte baie seer,
Ons koningin gaan abdikeer!

Ons hoop julle bly nog lank vir mekaar en vir ons in die Noordelike Sinode gespaar!

Terug

Nuus oor 'n splinternuwe 40 dae vir Kleingroepe!!

God se A-Plan met ons

'n 40-dae HANDLEIDING vir kleingroepe!

Leraars voel soms dat lidmate verstaan nie wat God se bedoeling met die kerk is nie.
Lidmate het dikwels 'n behoefte om meer te leer van die verskillende Bybelboeke.

In "**God se A-Plan met ons"** kry 'n mens 'n oorsig oor wat God se plan met die kerk is en ook hoe ons die kerk moet sien. Die 6 hoofstukke van Efesiërs word in 40 dae (6 weke) in diepte behandel.

Wat is beskikbaar?

1. **Handleiding vir <u>Groepleiers</u>** @ R 16.00 per boek - http://online.anyflip.com/ioen/gjtc/
2. **Handleiding vir <u>Groeplede</u>** @ R16 per boek - http://online.anyflip.com/ioen/jepk/
3. **DVD** vir elke groep @ R50 per DVD. https://www.sageonlinetools.co.za/content/uploads/15201/video/VID-20190124-WA0003.mp4

<u>INFO vir jou en julle Kerkkantoor</u>! Nuwe manier van bestel...
https://www.sageonlinetools.co.za/Render/Custom/custom5bd28fb035344a229e66580994759490

Vul eers die Nuwe kliënt registrasievorm in en KLIEK op NG Witrivier en die reekse sal oopmaak en jy sal deur sommiges kan blaai om meer in detail na die temas te kyk.
<u>Daar is 4 kategorië-reekse</u>

A. Reekse oor die Identiteit van 'n Gemeente
B. Reekse oor die Heilige Gees
C. Reekse oor Praktiese Christenskap (God se A-Plan vir ons – 2de kwartaal 2019)
   https://www.sageonlinetools.co.za/Render/EcomProduct/bljptk
D. Reekse oor ons Getuienis na buite

Landwye afskop: 14 April 2019 – Indien jy belangstel, kontak my by dsjurgens@ngwitrivier.co.za / 0792929545.

Derde Kwartaal 2019

'n 40 dae oor die Sekulêre seestrome van ons tyd - Sekularisasie is 'n vreemde suigkrag wat ons stilweg meesleur om God se wil te ondermyn.
Tema: Hulle sê…. Wat sê hulle?

Ons praat oor Individualisme, Materialisme, "Commitment", Plesier, Verhoudingsbeginsels en Hedendaagse afgode.
Hierdie 40 dae skop afdie 21ste Julie! - Bestellings hiervan is om die draai

<u>Terug</u>